C. The Council may by resolution allow any person, group of persons or organization to make use of the bath free of charge.

No. 186]

[1 Desember 1972.

**MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND:
WYSIGING VAN REGULASIES TEN OPSIGTE VAN
KAMPEERTERREIN.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 13 van 1969 soos gewysig by Goewermentskennisgewing 171 van 1971:

1. Hernommer regulasie 9 na 9(a) en voeg die volgende paragraaf daarna by:

„(b) Die huurder van enige enkele staanplek word toegelaat om slegs een woonwa met sytent of een tent daarop op te rig, vir die huisvesting van 'n maksimum van 7 persone (kinders onder 7 jaar uitgesluit). Vir die oprigting van enige bykomende tent of woonwa op so 'n enkele staanplek of by oorskryding van die maksimum getal persone hierbo genoem, is 'n verdere bedrag gelyk aan die huur van 'n staanplek betaalbaar: Met dien verstande dat geen addisionele persone as die getal wat op 'n huurder se toegangspermit aangetoon word, op enige staanplek gehuisves mag word nie, alvorens die huurder die opsigter of gemagtigde beampte dienoreenkomstig daarvan verwittig het en enige verdere verskuldigde bedrae betaal is.”

2. Vervang regulasie 13 deur die volgende:

„13. (a) Vooruitbesprekings vir staanplekke vir enige tydperk kan te eniger tyd aangevra word. Die toekenning van staanplekke geskied volgens die diskresie van die kampopsigter of gemagtigde beampte wie se beslissing afdoende is.

(b) Versuim van 'n huurder om te arriveer op die eerste dag van 'n tydperk ten opsigte waarvan 'n vooruitbespreking gedoen is, het tot gevolg dat die bespreking dadelik gekanselleer word, behalwe waar die opsigter of gemagtigde beampte vooraf van 'n laat aankoms in kennis gestel is.”

3. Voeg die woord „gebring” in na die woord „gehou” in regulasie 14.

4. Vervang regulasie 17 deur die volgende:

„17. Elkeen wat enige van hierdie regulasies oortree of enigiets doen of 'n toestand skep wat in die diskresie van die opsigter of gemagtigde beampte ontoelaatbaar of onwenslik is en wat versuim of weier om onmiddellik uitvoering te gee aan 'n skriftelike waarskuwing uitgereik deur die kampopsigter of gemagtigde beampte, se huur van die staanplek kan summier gekanselleer word sonder enige verdere kennisgewing: Met dien verstande dat geen huurgeld terugbetaal word nie.”

5. Hernommer regulasie 18 na 18(a) en voeg die volgende paragraaf daarna by:

„(b) Tussen 22H00 en 06H00 moet 'n redelike stilte gehandhaaf word.”

6. Vervang regulasie 23 deur die volgende:

„23. (a) Niemand mag enige voertuig op die kampeertrein op enige wyse bestuur wat die veiligheid of gerief van enigiemand anders kan benadeel nie of die snelheidsgrens van 20 kilometer per uur oorskry nie.

No. 186]

[1 Desember 1972.

**MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND:
AMENDMENT OF CAMPING SITE REGULATIONS.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendments of the regulations as promulgated by Government Notice 13 of 1969 as amended by Government Notice 171 of 1971.

1. Renumber regulation 9 to 9(a) and insert the following paragraph thereafter:

“(b) The lessee of any single site shall erect only one caravan with side-tent or one tent, for the housing of a maximum of 7 persons (children under 7 years of age included) on such site. A further amount equal to the rental of a site shall be payable in respect of any additional rent or caravan erected on such single site or when the maximum number of persons mentioned above is exceeded: Provided that a greater number of persons than those indicated on the entry permit of the lessee, shall not be accommodated on any sites, unless the supervisor or authorized official has been informed accordingly by the lessee and any additional amounts due have been paid.”

2. Substitute the following for regulation 13:

“13. (a) Advance reservations for sites for any period may be made at any time. Allotment of sites shall be made at the discretion of the supervisor of the camping site or authorized official whose decision shall be final.

(b) Failure of a lessee to arrive on the first day of a period for which an advance reservation had been made, shall result in the immediate cancellation of the reservation, unless the supervisor or authorized official has been previously informed of a late arrival.”

3. Insert the words “or brought into” in regulation 14 after the word “on”.

4. Substitute the following for regulation 17:

“17. If any person contravenes any of these regulations or performs any act or creates any state of affairs which in the discretion of the supervisor or authorized official is inadmissible or undesirable and if such person fails or refuses to comply immediately with a written warning issued by the supervisor or authorized official, his lease of the site may be summarily cancelled without any further notice: Provided that no rent will be refunded.”

5(a). Renumber regulation 18 to 18(a) and insert the following paragraph thereafter:

“(b) Between 22H00 and 06H00 a reasonable silence shall be maintained.”

6. Substitute the following for regulation 23:

“23. (a) No person may drive any vehicle on the camping site area in any way which may endanger the safety of or inconvenience any other person or which exceeds the speed limit of 20 kilometres per hour.

- (b) Geen motorfietse of bromponies word op die kampeerterein toegelaat nie, behalwe wanneer dit na die kampopsigter of gemagtigde beampte meen die enigste vervoermiddel van 'n huurder is."
- „24. Wasgoed mag slegs gehang word aan die wasgoedlyne wat vir hierdie doel voorsien word.
25. Die Raad kan brandhout, koeldrank, roomys, aas, ens. verkoop teen sodanige pryse as waarop die Raad van tyd tot tyd besluit.
26. Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie regulasies, word 'n oortreding van enige bepaling van hierdie regulasies 'n misdryf geag en kan enige oortreder by skuldigebevinding 'n boete van hoogstens vyftig rand (R50) of gevangenisstraf van hoogstens drie (3) maande opgelê word."

- (b) No motor cycles or motor scooters shall be allowed into the camping site area unless such motor cycles or motor scooters are, in the opinion of the supervisor or authorized official, a lessee's only means of transport."
- "24. Washing shall only be hanged on the washing lines supplied for this purpose.
25. The Council may sell fire-wood, ice-cream, cold drinks, bait, etc., at such prices as it may from time to time decide upon.
26. Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, contravention of any of the provisions of these regulations by any person, shall be deemed to be an offence and on conviction such person shall be liable to a fine not exceeding fifty Rand (R50) or to imprisonment not exceeding three (3) months."

No. 187]

[1 Desember 1972.

MUNISIPALITEIT VAN KARIBIB:
WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Karibib by Goewermentskennisgewing 204 van 1957 en gewysig by Goewermentskennisgewings 236 van 1961, 213 van 1962 en 129 van 1969:

Vervang Bylaes A en C deur die volgende:

„BYLAE A

(ingevolge Hoofstuk IV)

- (1) Vir die verwydering van nagvuil en urine:
- (a) Per emmer per maand vir 3 verwyderings per week R3,00

BYLAE C

(ingevolge Hoofstuk VI)

- (1) Vir die verwydering van huisvuil en bedryfsuitvloei:
- (a) Per vergaarbak (standaard tipe) huisvullis per maand vir 3 verwyderings per week . . . R1,00
- (b) Per houer (tot 'n maksimum kapasiteit van 200 liter maar nie die standaard tipe nie) huisvullis of bedryfsuitvloei per maand . . . R2,50"

Hierdie tariewe tree in werking op die 16de dag van die maand waarin dit in die *Offisiële Koerant* afgekondig word.

No. 1909 (Republiek).]

[27 Oktober 1972.

VERKLARING VAN 'N NASIONALE
GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Stasiegebou in Swakopmund, Suidwes-Afrika, tot nasionale gedenkwaardigheid.

No. 187]

[1 December 1972.

MUNICIPALITY OF KARIBIB:
AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations applied to the Municipality of Karibib by Government Notice 204 of 1957 and amended by Government Notices 236 of 1961, 213 of 1962 and 129 of 1969:

Substitute the following for Schedules A and C.

“SCHEDULE A

(in terms of Chapter IV)

- (1) For the removal of nightsoil and urine:
- (a) For each pail per month for three removals per week R3,00

SCHEDULE C

(in terms of Chapter VI)

1. For the removal of domestic refuse and trade effluent:
- (a) For each receptacle (Standard type) domestic refuse per month for three removals per week R1,00
- (b) For each receptacle (within a maximum capacity of 200 litres, but not of the standard type) domestic refuse or trade effluent per month R2,50"

These tariffs shall come into force on the 16th day of the month in which they are published in the *Official Gazette*.

No. 1909 (Republic).]

[27 October 1972.

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the Railway Station in Swakopmund, South-West Africa, to be a national monument.

BESKRYWING

Die historiese Stasiegebou, geleë op die resterende gedeelte van Erf 444, geleë in die munisipaliteit en distrik van Swakopmund en groot 15 hektaar, 93 aar en 10 vierkante meter.

Gehou kragtens Grondbrief 56/1957 gedateer 11 April 1957.

HISTORIESE BELANG

Die oprigting van hierdie stasiegebou in die laat negentiende-eeuse Duitse styl is op 25 Oktober 1900 bekragtig deur 'n kontrak tussen die Kaiserlichen Eisenbahnverwaltung en die Swakopmunder Handelsgesellschaft. In Januarie 1901 is met bouwerk begin en in Oktober 1901 is die gebou voltooi en in gebruik geneem.

JOHANNES PETRUS VAN DER SPUY
Minister van Nasionale Opvoeding

DESCRIPTION

The historic Railway Station, situate on the remaining extent of Erf 444, situate in the Municipality and District of Swakopmund and measuring 15 hectares, 93 ares 10 square metres.

Held under State grant 56/1957, dated 11 April 1957.

HISTORICAL INTEREST

The erection of this railway station in the late nineteenth century German style was ratified on 25 October 1900 by a contract between the Kaiserlichen Eisenbahnverwaltung and the Swakopmunder Handelsgesellschaft. Construction work commenced in January 1901 and in October 1901 the building was completed and inaugurated.

JOHANNES PETRUS VAN DER SPUY
Minister of National Education

No. R. 2036 (Republiek).]

[10 November 1972.

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet No. 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysigings van die Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 290 van 2 Maart 1962:

Regulasie 26(a).

Deur die woorde „massa of afmetings aangee, na gelang van die geval” deur die woorde „massa en afmetings aangee” te vervang.

Regulasie 39.

Deur hierdie regulasie deur die volgende regulasie te vervang:

„Niemand mag klippe, gruis, ballas, karkasse, vrag, vuilgoed, as, bottels, mandjies, afval of ander aanstootlike of onwelriekende materiaal of enige ander artikel of stof van watter aard ook al in die water in 'n hawe gooi nie, en niemand mag verf in die hawe mors of olierige of wasagtige uitloop of olie van watter aard ook al, hetsy sodanige olie van minerale, dierlike of plantaardige oorsprong is of nie, in die water van 'n hawe los of laat uitlek of toelaat dat dit daarin gelos word of uitlek nie.

As olie van enige aard of ontvlambare vloeistof, uitloop of water uit 'n vuil olietank, visolietank, ruim of luik wat olie, ontvlambare vloeistof of vrag van watter aard ook al bevat het, uit 'n skip gelos of toegelaat word om in die water van 'n hawe uit te lek, sal beskou word dat die kaptein van sodanige skip hom skuldig gemaak het aan 'n oortreding van hierdie regulasie en sal hy persoonlik strafbaar wees daarvoor. Daarbenewens sal hy aanspreeklik wees vir alle koste wat die Administrasie mag aangaan om sodanige olie, ontvlambare vloeistof, olierige uitloop of besmetter te verwyder.

As 'n daad wat 'n oortreding van hierdie regulasie uitmaak, tot gevolg het dat 'n aanlêplek in die hawe versper raak, moet die eienaar of kaptein van die skip wat vir die versperring verantwoordelik is, dit onmiddellik op sy koste laat verwyder, anders kan die Administrasie die versperring op

No. R. 2036 (Republic).]

[10 November 1972.

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
AND OF SOUTH WEST AFRICA.

The State President has been pleased in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), to approve of the following amendments to the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa published under Government Notice No. R. 290 of 2 March 1962:

Regulation No. 26(a).

By the substitution for the words “mass or measurements as the case may be” of the words “mass and measurements”.

Regulation No. 39.

By the substitution for this regulation of the following regulation:

“No person shall throw or deposit into any harbour stones, gravel, ballast, carcasses, cargo, dirt, ashes, bottles, baskets, rubbish, objectionable or malodorous matter or any other article or substance of whatsoever nature, and no person shall spill paint in any harbour or cause or allow oily or waxy effluent or oil of any description, whether or not such oil be of a mineral, animal or vegetable origin, to be discharged or to escape into a harbour.

If oil of any description or flammable liquid, effluent or water from an uncleaned oil tank, fish-oil tank, bilge or hold which has contained oil, flammable liquid or cargo of any kind, is discharged or allowed to escape into a harbour from a ship, the master of such ship shall be deemed to have committed a breach of this regulation and shall be personally liable to punishment therefor and, in addition, shall be liable for any costs that may be incurred by the Administration in removing such oil, flammable liquid, oily effluent or contaminant.

If any act that constitutes a contravention of this regulation results in the obstruction of any berth in the harbour, the owner or master of the ship responsible for the obstruction shall forthwith cause the obstruction to be removed at his expense, failing which the Administration may remove the

koste van die eenaar of kaptein verwyder. As 'n ander skip beskadig word ten gevolge van die versperring is die genoemde eenaar of kaptein aanspreeklik vir sodanige skade.

Die kaptein van elke skip wat langs 'n kaai of hawehoof vasgemeer is, moet toesien dat alle uitlaatenings van sy skip aan die kant van die kaai of hawehoof gesluit is of behoorlik bedek is om te verhoed dat water of uitloop op die kaai- of hawe- hoefoppervlakte, bolders, meerstoele, telefoonkabels, skeepskutte of slangverbindings, uitlek.

Regulasie 44.

Deur paragraaf (7) te skrap en paragraaf (8) na (7) te hernommer.

Wysiging no. 26.

(Goewermentskennisgewings R. 1353 en R. 1372 van 4 Augustus 1972 word onderskeidelik as Wysigings 24 en 25 beskou.)

INVOERBEHEER

No. R. 2050 (Republiek).] [10 November 1972.

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat die naam NICOLAAS DIEDERICHS as ondertekenaar op bladsy 12 van Goewermentskennisgewing No. R. 1989 van 3 November 1972, vervang moet word deur die naam JAN JURIE LOOTS.

No. R. 2068 (Republiek).] [1 Desember 1972.

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE:
REÛLS TEN OPSIGTE VAN HANDELINGE WAARVAN
DIE KOMMISSIE KENNIS KAN NEEM.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls ten opsigte van handelinge waarvan die Kommissie kennis kan neem, wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens artikel 94(2)(1) van die Wet opgestel is en wat by Goewermentskennisgewing R. 674 van 10 Mei 1963 afgekondig is, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 805 van 4 Junie 1965, R. 1773 van 12 November 1965, R. 1627 van 16 September 1968 en R. 232 van 28 Februarie 1969, deur Reël 7 te skrap en dit deur die volgende nuwe reël te vervang:—

„Versuim om behoorlike en redelike sorg te dra by en beheer uit te oefen oor die aanskaffing, opberging, verkoop en verskaffing van medisyne in die Bylaes van Wet 13 van 1928 en Wet 41 van 1971 genoem.”

No. R. 2074 (Republiek).] [17 November 1972.

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964:
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/3/13).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Deel 3 van Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

obstruction at the expense of the owner or master, and should any other ship sustain damage as a result of the obstruction, the said owner or master shall be liable for such damage.

The master of every ship that is berthed alongside a quay or jetty shall cause all the discharge outlets of his ship facing the quay or jetty to be closed or to be provided with adequate covers to prevent any inadvertent discharge of water or effluent onto the quay or jetty surface, bollards, moorings, telephone cables, fenders or hose connections.”

Regulation No. 44.

By the deletion of paragraph (7) and the renumbering of paragraph (8) to (7).

Amendment 26.

(Government Notices Nos. R. 1353 and R. 1372 of 4 August 1972 are regarded as Amendments 24 and 25, respectively.)

IMPORT CONTROL

No. R. 2050 (Republic).] [10 November 1972.

It is hereby notified for general information that the name JAN JURIE LOOTS shall be substituted for the name NICOLAAS DIEDERICHS as signatory on page 12 of Government Notice No. R. 1989, dated 3 November 1972.

No. R. 2068 (Republic).] [1 Desember 1972.

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD:
RULES REGARDING CONDUCT OF WHICH THE
BOARD MAY TAKE CONSIGNANCE.

The Minister of Health has, in terms of section 94(4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), approved the amendment of the rules regarding conduct of which the Board may take cognisance, made by the South African Pharmacy Board under section 94(2)(1) of the Act and published under Government Notice R. 674 of the 10th May 1963, as amended by Government Notices R. 805 of 4th June 1965, R. 1773 of 12th November 1965, R. 1627 of 16th September 1968 and R. 232 of 28th February 1969, by the deletion of Rule 7 and the substitution therefor of the following new rule:—

“Failing to exercise proper and reasonable care and control of the acquisition, storage, sale and supply of drugs referred to in the Schedules to Act 13 of 1928 and Act 41 of 1971.”

No. R. 2074 (Republic).] [17 November 1972.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964:
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/3/13).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Part 3 of Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule herto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

BYLAE.

SCHEDULE.

BYLAE.			SCHEDULE.		
I	II	III	I	II	III
Verkoop- eg- tem	Tariefpos en Beskrywing	Skaal van Verkoopreg	Sales Duty Item	Tariff Heading and Description	Rate of Sales Duty
36.00	Deur tariefpos No. 33.06 deur die volgende te vervang:		136.00	By the substitution for tariff heading No. 33.06 of the following:	
	„33.06 Parfumerie, skoonheidsmiddels en toiletpreparate (uitgesonderd pastas en ander intermediêre produkte, nie vir kleinhandelverkoop bemark nie, wierookstokkies en -papier en beskermroom in verpakings van 5 kg of meer)	30%”		“33.06 Perfumery, cosmetics and toilet preparations (excluding pastes and other intermediate products, not up for sale by retail, incense sticks and papers and barrier cream in packings of 5 kg or more)	30%”
45.00	Deur tariefpos No. 73.36 deur die volgende te vervang:		145.00	By the substitution for tariff heading No. 73.36 of the following:	
	73.36 Stowe (met inbegrip van stowe met bykomende ketels vir sentrale verwarming), kookstowe, kooktoestelle, roosters, vuurherde en ander ruimteverwarmers, gasringe, bordverwarmers met branders, wasketels met herde of ander verwarmingselemente, en dergelyke toerusting van 'n soort gebruik vir huishoudelike doeleindes, wat nie elektries werk nie, van yster of staal (uitgesonderd onderdele van sodanige artikels)	10%”		“73.36 Stoves (including stoves with subsidiary boilers for central heating), ranges, cookers, grates, fires and other space heaters, gas-rings, plate warmers with burners, wash boilers with grates or other heating elements, and similar equipment of a kind used for domestic purposes, not electrically operated, of iron or steel (excluding parts of such articles)	10%”
	Deur tariefpos No. 74.17 deur die volgende te vervang:			By the substitution for tariff heading No. 74.17 of the following:	
	„74.17 Kook en verwarmingstoestelle van 'n soort vir huishoudelike doeleindes gebruik, nie elektries verhit nie, van koper, die volgende: Stowe (met inbegrip van stowe met bykomende ketels vir sentrale verwarming), kookstowe, kooktoestelle, roosters, vuurherde en ander ruimteverwarmers, gasringe, bordverwarmers met branders, wasketels met herde of ander verwarmingselemente, en dergelyke toerusting, van 'n soort gebruik vir huishoudelike doeleindes, wat nie elektries werk nie uitgesonderd onderdele van sodanige artikels)	10%”		“74.17 Cooking and heating apparatus of a kind used for domestic purposes, not electrically operated, of copper, the following: Stoves (including stoves with subsidiary boilers for central heating), ranges, cookers, grates, fires and other space heaters, gasrings, plate warmers with burners, wash boilers with grates or heating elements, and similar equipment, of a kind used for domestic purposes, not electrically operated (excluding parts of such articles)	10%”
46.00	Deur tariefpos No. 84.15 deur die volgende te vervang:		146.00	By the substitution for tariff heading No. 84.15 of the following:	
	„84.15 Koelkaste en verkoelings-toerusting, elektries en ander, selfstandige eenhede of met vertoonvensters, rakke of ander vertoonfasiliteite, met inbegrip van koeltoonbanke, koeltoonkaste, opslaghouers vir bevrore voedsel en soortgelyke goedere en kabinette (uitgesonderd toestelle wat roertoestelle, mengers,			“84.15 Refrigerators and refrigerating equipment, electrical and other, self-contained or with display windows, racks or other display facilities, including refrigerated counters, show-cases, frozen food storage containers and the like and cabinets (excluding appliances incorporating agitators, mixers, moulds and simi-	

gietvorms en dergelike meganismes inkorporeer; verkoelkamers sonder vertoonfasiliteite; toerusting van 'n soort gewoonlik in die nywerheid gebruik):		lar mechanisms; cold rooms without display facilities; equipment of a type commonly used in industry):	
(1) Huishoudelike koelkaste (met inbegrip van opslaghouders vir bevrore voedsel)	10%	(1) Household refrigerators (including frozen food storage containers)	10%
(2) Ander	15%"	(2) Other	15%"
Deur paragraaf (1) van tariefpos No. 84.17 deur die volgende te vervang:		By the substitution for paragraph (1) of tariff heading No. 84.17 of the following:	
„(1) Vloei- of voorraadwaterverwarmers, nie-elektries (uitgesonderd sonverwarmers en verwarmers van 'n soort ontwerp vir industriële gebruik)	10%"	“(1) Instantaneous or storage water heaters, non-electrical (excluding solar heaters and heaters of a kind designed for industrial use)	10%"
Deur tariefpos 84.18 deur die volgende te vervang:		By the substitution for tariff heading No. 84.18 of the following:	
„84.18 Wasgoedwenteldroërs en sentrifugewasmasjiene met 'n droëwasgoedinhoudsvermoë van hoogstens 7 kg (uitgesonderd onderdele daarvan)	10%"	“84.18 Laundry centrifuge driers and centrifuge washing machines with a dry mass loading capacity not exceeding 7 kg (excluding parts thereof)	10%"
Deur paragraaf (1) van tariefpos No. 84.40 deur die volgende te vervang:		By the substitution for paragraph (1) of tariff heading No. 84.40 of the following:	
„(1) Wasgoedmasjiene met 'n droëwasgoedinhoudsvermoë van hoogstens 7 kg (uitgesonderd onderdele daarvan)	10%"	“(1) Laundry washing machines with a dry mass loading capacity not exceeding 7 kg (excluding parts thereof)	10%"
Deur tariefpos No. 85.12 deur die volgende te vervang:		By the substitution for tariff heading No. 85.12 of the following:	
„85.12 (1) Elektriese vloei- of voorraadwaterverwarmers en doppelverwarmers (uitgesonderd verwarmers van 'n soort ontwerp vir industriële gebruik); elektriese ruimteverwarmingsapparate; elektriese stryksters; elektrotermiese huishoudelike toestelle (uitgesonderd, in elke geval, onderdele van sodanige artikels)	10%	“85.12 (1) Electric instantaneous or storage water heaters and immersion heaters (excluding heaters of a kind designed for industrial use); electric space heating apparatus; electric smoothing irons, electro-thermic domestic appliances (excluding, in each case, parts of such articles)	10%
(2) Elektriese haarbehandelingsstoeselle (byvoorbeeld, haardroërs, haarkrullers, krultangverwarmers)	15%"	(2) Electric hairdressing appliances (for example, hair dryers, hair curlers, curling tong heaters)	15%"
147.00 Deur paragraaf (1) en (2) van tariefpos 87.02 deur die volgende te vervang:		147.00 By the substitution for paragraphs (1) and (2) of tariff heading No. 87.02 of the following:	
„(1) Passasiersvoertuie met sitruimte (minimum 38 cm aaneenlopende sitpleklengte per persoon) van minstens 10 sitplekke en hoogstens 20 sitplekke (met inbegrip van die bestuurder), motorkarre (met inbegrip van renmotors) en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, gemonteer, met 'n waarde vir doeleindes van verkoopreg van hoogstens R2 250	7,5%	“(1) Passenger vehicles with a seating capacity (minimum 38 cm continuous seat length per person) of not less than 10 seats and not exceeding 20 seats (including the driver), motor cars (including racing cars) and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, assembled, with a value for sales duty purposes not exceeding R2 250	7,5%

(2) Passasiersvoertuie met sitruimte (minimum 38 cm aaneenlopende sitpleklengthe per persoon) van minstens 10 sitplekke en hoogstens 20 sitplekke (met inbegrip van die bestuurder), motorkarre (met inbegrip van renmotors) en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, gemonteer, met 'n waarde vir doeleindes van verkoopreg van meer as R2 250	12,5%"	(2) Passenger vehicles with a seating capacity (minimum 38 cm continuous seat length per person) of not less than 10 seats and not exceeding 20 seats (including the driver), motor cars (including racing cars) and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, assembled, with a value for sales duty purposes exceeding R2 250	12,5%"
Deur tariefpos No. 87.09 deur die volgende te vervang:		By the substitution for tariff heading No. 87.09 of the following:	
„87.09 Motorfietse, outofietse en fietse met hulpmotore toegerus:		“87.09 Motor cycles, auto-cycles and cycles fitted with auxiliary motors:	
(1) Met 'n enjinkapasiteit van minder as 200 cm ³	10%	(1) Of an engine capacity of less than 200 cm ³	10%
(2) Ander	15%"	(2) Other	15%"
150.00 Deur tariefpos No. 94.00 deur die volgende te vervang:		150.00 By the substitution for tariff heading No. 94.00 of the following:	
„94.00 (1) Huishoudelike meubels (met inbegrip van tuinmeubels)	10%	“94.00 (1) Household furniture (including garden furniture)	10%
(2) Beddegoed, matrasse, matrassteunstukke, kussings en dergelike opgestopte ameublement of ameublement met toerusting binne-in (uitgesonderd bidkussings)	10%	(2) Bedding, mattresses, mattress supports, cushions and similar stuffed or internally fitted furnishings (excluding church hassocks)	10%
(3) Ander meubels (uitgesonderd mediese, tandheelkundige, chirurgiese of veeartsenykundige meubels (byvoorbeeld, operasietafels, tandartsstoele), motorvoertuigsitplekke, meubels uitkenbaar as vir gebruik in skole, hospitale, kerke of laboratoriums en onderdele van meubels met inbegrip van stofferingsonderdele van motorvoertuigsitplekke)	15%"	(3) Other furniture (excluding medical, dental, surgical or veterinary furniture (for example, operating tables, dentists' chairs), motor vehicle furniture, furniture identifiable for school, hospital, church or laboratory use and parts of furniture including upholstery parts of motor vehicle furniture)	15%"
152.00 Deur in paragraaf (I), tariefpos No. 84.06 te skrap.		152.00 By the deletion in paragraph (I) of tariff heading No. 84.06.	

OPMERKINGS:—

1. Wierookstokkies en -papier word van die betaling van verkoopreg vrygestel.
2. Die verkoopreg op huishoudelike meubels en sekere ander huishoudelike toestelle word van 15% na 10% verlaag.
3. Die verkoopreg op motorkarre en ander passasiersvoertuie word van 15% en 10% na 12,5% en 7,5% onderskeidelik, verlaag.
4. Die verkoopreg op motorfietse, outofietse en fietse met hulpmotore toegerus, met 'n enjinkapasiteit van minder as 200cm³, word van 15% na 10% verlaag.
5. Multikeelvergassers word van die betaling van verkoopreg vrygestel.

NOTES:—

1. Incense sticks and papers are exempted from the payment of sales duty.
2. The sales duty on household furniture and certain other household appliances is decreased from 15% to 10%.
3. The sales duty on motor cars and other passenger vehicles is decreased from 15% and 10% to 12,5% and 7,5%, respectively.
4. The sales duty on motorcycles, auto-cycles and cycles fitted with auxiliary motors, of an engine capacity of less than 200cm³, is decreased from 15% to 10%.
5. Multi-choke carburettors are exempted from the payment of sales duty.

Algemene Kennisgewing.**General Notice.**

(No. 51 van 1972)

**KENNISGEWING OM GROND TOT 'N PRIVATE
WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER**

Kennisgewing geskied hierby dat mnr. H. E. von Willigh van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967 en die regulasies daaringevolge afgekondig, sy plaas Davib-Oos 61 geleë in die distrik Karibib tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

Windhoek, 16. 11. 1972.

H. S. W. P. VAN NIEWENHUIZEN,
wnde. Sekretaris van Suidwes-Afrika.

(No. 52 van 1972)

**AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE
WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER**

Kennisgewing geskied hierby dat die Munisipaliteit van Otjiwarongo van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, die dorpsgronde van Otjiwarongo geleë in die distrik Otjiwarongo tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

Windhoek, 16. 11. 1972.

H. S. W. P. VAN NIEWENHUIZEN,
wnde. Sekretaris van Suidwes-Afrika.

(No. 53 van 1972)

**KENNISGEWING OM GROND TOT 'N PRIVATE
WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER**

Kennis geskied hierby dat die Nuwe Westelike Ontwikkelingsmaatskappy Bpk. van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, sy plase Ohakana 143 en Kahlenberg 130 geleë in die distrik Otjiwarongo tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

Windhoek, 16. 11. 1972.

H. S. W. P. VAN NIEWENHUIZEN,
wnde. Sekretaris van Suidwes-Afrika.

(No. 51 of 1972)

**NOTICE TO HAVE LAND PROCLAIMED
A PRIVATE GAME RESERVE**

Notice is hereby given that Mr. H. E. von Willigh proposes having his farm Davib-Oos 61 situated in the district of Karibib, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

Windhoek, 16. 11. 1972.

H. S. W. P. VAN NIEWENHUIZEN,
act. Secretary for South West Africa.

(No. 52 of 1972)

**APPLICATION TO HAVE LAND PROCLAIMED
A PRIVATE GAME RESERVE**

Notice is hereby given that the Municipality of Otjiwarongo proposes having the Townlands of Otjiwarongo situated in the district of Otjiwarongo, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

Windhoek, 16. 11. 1972.

H. S. W. P. VAN NIEWENHUIZEN,
act. Secretary for South West Africa.

(No. 53 of 1972)

**NOTICE TO HAVE LAND PROCLAIMED
A PRIVATE GAME RESERVE**

Notice is hereby given that Nuwe Westelike Ontwikkelings Co. Ltd. proposes having his farms Ohakana 143 and Kahlenberg 130 situated in the district of Otjiwarongo, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

Windhoek, 16. 11. 1972.

H. S. W. P. VAN NIEWENHUIZEN,
act. Secretary for South West Africa.

Advertensies.

Advertisements.

ADVERTEER IN DIE OFFISIELE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIELE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4.30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aan-neming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5-00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar deur inkomsteseëls op die oorspronklike kennisgewings, wat in duplikaat ingedien moet word, te plak:—

Tipe	Tarief
1. Oordrag van besigheid	R2,25
2. Vergadering van Balju	R2,25
3. Verklaring van dividend	R2,25
4. Verlore polis/akte/verband	R2,25
5. Regsveilings — Hooggeregshof	R3,75

12. Die Koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 8 genoem word, is teen die tarief van 30c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5-00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of revenue stamps affixed to the original notice, which must be submitted in duplicate:—

Type	Charge
1. Transfer of business	R2,25
2. Meeting of Sheriff	R2,25
3. Declaration of dividend	R2,25
4. Lost policy/deed/bond	R2,25
5. Sale in execution — Supreme Court	R3,75

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 8 is at the rate of 30c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

P 239 (M 903) — WINDHOEK. (2) L. P. J. LUBBE — Vragmotorbestuurder — Aris. (3) Nuwe aansoek — Een vragmotor aangekoop te word. (4) Gebreke klip, sand en gruis. (5) Binne 'n radius van vyftig kilometer vanaf Hoof Poskantoor Windhoek.

